Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 6

20 Februarie 2025

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

TAALBELEID VAN SKOOL
Baie dankie aan al die ouers wat terugvoering gegee het. Elkeen se voorstelle is in ag geneem en van hulle gaan ons beslis toepas in die toekoms. Na die ouers se terugvoering kon die beheerliggaam 'n finale besluit neem om voort te gaan met die begin van 'n Engelse baan by graad R en 1 danksy die oorweldigende steun daarvoor. Die beheerliggaam onderneem om streng toesig te hou dat die skool se waardes en godsdiensbeleid steeds toegepas sal word. Die Afrikaanse leerlinge gaan net soos altyd voort met hul onderrig in Afrikaans terwyl die Engelse baan parallel daarmee saam sal beweeg. Ons bid dat die nuwe fase in die skool se geskiedenis suksesvol sal wees.

TOELATING 2026: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u 'n kind vir graad R of graad 1 in 2026 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

NEWTONPARK OPEDAE
Ons sien met opgewondenheid uit na ons twee opeaande waar ons toekomstige Newtons en hul gesinne welkom heet – Woensdag, 26 Februarie en Donderdag, 27 Februarie om 17:00. Ons moedig ouers aan om die woord te versprei sodat soveel moontlik gesinne die geleentheid kry om ons wonderlike skool te leer ken.

Ter voorbereiding hiervan, neem asseblief kennis dat geen buitemuurse aktiwiteite op hierdie twee dae sal plaasvind nie.

Ons sien uit daarna om almal te verwelkom.

BRAAIDROMME
Ons is opsoek na braaidromme vir die skool. Indien daar ouers is wat kan skenk of ‘n kontakpersoon het kan u met die kantoor kontak maak of e-pos na admin@lnpark.co.za

BOODSKAPPE EN AFLAAI VAN VERGETE ITEMS BY ONTVANGS
Ons wil u tog vriendelik versoek om boodskappe vir u kinders tot noodgevalle te beperk. Ons ontvang tans geweldig baie versoeke om boodskappe en vergete items (kos, klere, take, ens.) af te lewer. Tans is dit so baie, dat die sekretaresses **nie** by hul werk uitkom, soos hulle heen en weer loop om boodskappe en vergete items af te lewer. Ons vertrou u samewerking in hierdie verband, aangesien dit ook ‘n steurnis vir die klas is wanneer daar by ‘n klas aangeklop word. Die sekretaresses aanvaar geen verantwoordelikheid indien ‘n kind se boodskappe/items laat by die klasse aankom nie.

ATLETE WAT DEURGEDRING HET NA METRO-ATLETIEKBYEENKOMS
Hartlik geluk aan die onderstaande atlete wat Laerskool Newtonpark by die Metro-atletiekbyeenkoms op 22 Februarie by die Oval gaan verteenwoordig:

Naam en Van	Ouderdomsgroep
Ava Jonck	0/10
Libby Blumenthal	0/10
Franco Louw	0/10
Robin Klinck	0/11
Riano Botha	0/12
Roelof Campher	0/12
Chrislynn Hendricks	0/12
Iané Jukel	0/12
Inge Jukel	0/12
Melandi Ehlers	0/12
Ruzaan de Goede	0/12
Miane Taylor	0/13

Baie sterkte aan elke atleet wat gaan deelneem. Ons weet julle sal slegs jul beste lewer en Laerskool Newtonpark se naam hoog hou!

KLEREWINKELTYE
Maandae 07:30 – 12:00
Woensdae 12:00 – 14:30
Vrydae 07:30 – 12:00

A4-PLASTIEK OORTREKSELS
Die klerewinkel verkoop duursame kwaliteit A4-plastiekoortreksels teen R8 elk. U is welkom om dit winkelure aan te koop indien u sou belangstel.

SKOOLDRAG
Die leerlinge moet die korrekte somersdrag aantrek. Ons versoek u vriendelik om daarby te bly. Die dra van die skoolbaadjie tydens die saalbyeenkoms op Maandae is verpligtend. Die voorskrifte daarvoor verskyn in die gedragskode-dokument onder die “beleidsdokumente” op ons google drive-inligtingsplatvorm. Die skakel daarvoor is:
https://drive.google.com/drive/folders/1Js5mo6zV_heYEpqZroY6b68XWa3pUMOt?usp=sharing

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SNOEPIE : KARRI-TOEP
Hiermee 'n paar wenke om die gebruik van die KARRI-toep te vergemaklik:
Indien u meer as een kind in die skool het, plaas al die bestellings onder een kind se naam en reël met u kinders om die bestellings onder mekaar uit te deel. Sodoende spaar u op ekstra bankkostes.

Daar word slegs 'n boodskap vir Maandae se spyskaart uitgestuur, maar sodra u die toep oopmaak, is die hele week se spyskaart gelaai. Ons moedig u aan om, vir administrasie doeleindes en besparing op ekstra bankkostes, u bestelling vir die hele week vooruit te plaas. Bestellings vir die nuwe week maak Vrydae om 14:00 oop en sluit soggens om 07:00 vir die spesifieke dag.

SKOOLGELDE 2025
Die voorgestelde skoolgelde vir 2025 is soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R20 100	R2 010	R1 828
Tweede kind	R18 300	R1 830	R1 664
Derde kind	R12 700	R1 270	R1 155
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R20 100	R2 010	R1 828
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL			
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	
14:00/14:15 tot 17:30	R 9 772	R 2 443	
13:00/13:30 tot 17:30	R11 452	R 2 863	
13:00/13:30 tot 14:15	R 6 640	R 1 660	
MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR			
Periodes per week	**Per Maand/10 mnde**		
1	R270/R225 2de kind		
2	R415/R350 2de kind		
3	R595/R530 2de kind		

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2025. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R tot 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2025 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2025 ‘n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met u kinders!

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 24 Februarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** Krieket: 0/13A teen Frans Conradie **(w)** Krieket: 0/13B teen Kroneberg **(t)**

Di – 25 Februarie	:	Krieket: 0/9A+B teen Parsons Hill **(t)** Tennis: Senior seuns A teen Sunridgepark A **(t)** Tennis: Senior seuns B teen Harvest **(w)** Tennis: Junior seuns B teen Summerwood **(w)**
Wo – 26 Februarie	:	Klerewinkel **12:00 tot 14:30** **Graad R en 1 Opedag : Afrikaans**
Do – 27 Februarie	:	**TOETS:** KK Graad 7 **Graad R en 1 Opedag : Engels**
Vr – 28 Februarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** **TOETS :** Tegnologie graad 7 Bergsig-toernooi : 0/13 rugby + netbal **(w)**
Sa – 1 Maart	:	*** Mnr. Lance Impey verjaar** Bergsig-toernooi : 0/13 rugby + netbal **(w)**

SPORT EN KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 Februarie	0/11A	Parsons Hill	Parsons Hill kolf eerste en teken 83 lopies aan vir 4 paaltjies. LNP kolf en teken 84 lopies aan, niemand uit. LNP wen met 10 paaltjies. **Beste kolwer:** Gareth Victor met 32 lopies, nie uit nie.
19 Februarie	0/13B	Willow Academy	LNP kolf eerste en teken 96 lopies aan in 10 boulbeurte. Geen paaltjies verloor nie. Willow Academy kolf tweede en teken 44 lopies aan en verloor 2 paaltjies. LNP wen met 52 lopies. **Beste bouler:** Ryan Minnie **Beste kolwer:** Marco Meyer
19 Februarie	0/13A	Frans Conradie	***Tweedag-wedstryd*** Frans Conradie wen die loot en kies om eerste te kolf. Hulle teken 215 lopies aan in 35 boulbeurte. LNP kolf Maandag en moet dan 216 aanteken in 35 beurte om te wen. **Beste bouler**: Büchner Ferreira met ‘n driekuns. Welgedaan.

SKAAK

‘n Paar van ons skaakleerlinge het verlede Vrydag en Saterdag aan die eerste rondte van die NMBCU uitdunne deelgeneem.

- Amelie Kapp
- Sebastian Kapp
- Britney Norris
- Lihan Campher

Hierdie leerlinge het goed presteer en ons wens hulle sterkte toe vir die volgende rondte wat op 8 Maart in Uitenhage gaan plaasvind.

TENNIS
Elmer Kloppers en Büchner Ferreira het hierdie naweek as deel van die o/13 EP-Elephants tennisspan in Bloemfontein meegeding. Harde tennis is in uiterste hitte gespeel en die seuns het uitstekend in hul eerste verskyning vir hul provinsie gevaar. Baie geluk, manne!

SWEM
Ons swemmers het die naweek aan die C-liga/Level 0 gala te Laerskool Kabega deelgeneem. Hulle het puik presteer! Ons is so trots op ons swemmers!

JUDO

Rico van Vuuren in graad 5D het Saterdag, 15 Februarie aan die “MJ’s Judo Term 1 Interschool Tournament" deel geneem waar hy goud ontvang het. Baie geluk, Rico!

Dentin Maritz in graad 4M het aan dieselfde kompetisie deelgeneem en ‘n 1ste plek in sy groep, 30kg en onder behaal. Hy het ‘n goue sertifikaat van prestasie deur die Kouga Judo Association ontvang. Baie geluk, Dentin!